Ges. 140: 1, 2. <u>Soek nie die Lewende by d. dooie!</u> | Opstanding 21 Apr. '57
" 136: 1, 3, 4. Luk. 24: 1-12. Potch K –
" 135: 3, 4.

Luk. 24: 5 – En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies?

<u>Ongelooflike dinge</u> het <u>gebeur</u> op <u>hd. eerste dag van die week</u> na die Vrydag waarop Jesus Christus aan die Kruis genael is. Die <u>laaste</u> wat ons van Hom verneem is die gesig van 'n <u>stoet treurendes wat Hom weglê in 'n uitgeholde rots</u>. En dan – as laaste [illegible] teken v.d. finaliteit v.d. dood: <u>d. steen voor d. opening</u>. <u>Afgehandel</u>, <u>Klaar</u>, <u>punt</u>! <u>Die einde</u>.

En nou d. ongelooflike van hd. dag:
① <u>Die steen klaar weggerol</u>. ② <u>Jesus nie daar</u> waar Hy moes wees ③ <u>Engele wat d. snaakste dinge sê</u>; ④ <u>Maria M. se berig</u> ⑤ <u>Petrus se ontmoeting</u> ⑥ Die <u>Emmausgangers</u> se dramatiese aankondiging en dan ⑦ <u>Jesus self</u> – deur toe deure! <u>Kan dit wees?</u>

Vanmôre bepaal ons ons tot die gebeure daar by d. graf en sien dan:

I Die Verering van Vroue
II Die Verwyt van Engele
III Die Verklaring van Christus

<u>I Die Verering v. Vroue</u>: Die 3 vroue (2 Marias + Salome), wat op pad is na d. graf is <u>dies. vroue</u> wat <u>a.d. voet v.d. Kruis gestaan</u> + <u>wat gesien het waar Josef v. Arimathea hulle Here weggelê het</u>. Net na die sabbat verby is het hulle d. <u>nodige speserye gekoop</u> en <u>vroeg die volgende môre</u>, toe die <u>son opkom</u> is hulle <u>na d. graf</u>. Hulle <u>lewende lojaliteit</u> teenoor die <u>Heiland</u> word <u>hier sprekend bewys</u> – in skerpe kontras m. d. vrees van <u>manne</u> wat hulle eens <u>teruggetrek</u> het!

Hierdie vroue word gedryf na d. graf – gedryf deur 'n diep en onstenflike liefde. Hulle het Jx. liefgehad met 'n groot liefde: en dd. liefde het nooit verflou, nooit opgehou nie. Nog die volk se haat, nog die Meester se dood het daar iets aan gedoen nie. Uit die branding en onblusbaarheid van hulle liefde volg hd. offerdaad: gedryf deur 'n groot liefde en 'n groot geloof.

Hd. versening v.d. vroue is baie goed te verstaan as ons net dink aan die besondere plek wat d. vrou ingeneem het in Christus se lewe: Sam. vrou, Maria Magdalena, die sondares, die weduwee van Nain, die susters van Lazarus, die vroue wat Hom gevolg en met hulle goed gedien het. Instinktief het elke vrou wat met Xt. in aanraking gekom het aangevoel: hd. Persoon roep d. mooiste in my ~~wakker~~ op; wek d. beste in my op, maak d. goddelike in my wakker. Intuïtief het die vroue aangevoel: hd. Jesus deurgrond ons hele wese, versadig ons diepste dors, gee ons ons ware status, openbaar aan ons ons hoogste roeping.

Is dit 'n wonder dat hulle Hom kom eer – al is dit dan net d. eer aan 'n gestorwene!

→ Versening v. dooies:

II Die Verwyt v.d. Engele: Na d. aanvanklike verbasing dat d. groot swaar klip weggerol is, volg d. ontsteltende gesig van die engele in blink klere. Wie het nou so iets vermag – en dit in 'n graf? Die verskyning v.d. engele herinner ons egter baie pertinent daaraan dat in Xt. se aardse loopbaan engele 'n besonder rol speel en 'n groot plek inneem: 'n Engele kondig sy geboorte aan aan Maria
Engele sing sy lowe uit ... d. herders
Engele kom dien Hom in d. woestyn
'n Engel kom versterk Hom in Getsemane!

By al d. groot oomblikke in Xt. se lewe is hulle daar – sou ons hulle dan hier kan mis?

Hulle eerste woord is 'n verwyt: „Waarom soek julle die lewende by d. dooie?" Wat 'n snydende vraag van hd. 2 engele aan die vroue!? „Glo julle dan nie in sy opstanding nie?"

Ja seker: hulle het geglo in d. opstanding – daar was ook geglo! Het Martha dan nie by Lazarus se graf gesê: „Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag"? Dan nie duid. bewys dat hulle geglo het nie?

Ja, mr. nie in Christus se opstanding op d. derde dag nie! Vir hulle dit onbegryplik! En tog: is dit nie presies wat Jesus hulle keer op keer gesê het nie? Elke keer wanneer Hy van sy kruisiging gepraat het, het Hy ook in dies. asem van sy opstanding melding gemaak. Dit was nie dat sy dissipels dit nie gehoor het nie – hulle kon dit net nie vat nie, nie verstaan nie: dit was vir hulle geloof iets te groot!

En daarom soek hulle d. lewende by d. dode – soos ons! Kan nie glo: d. Seun v. God is d. lewe, Hy het d. lewe, Hy gee d. lewe! Daarom:

– Soek so baie Hom nog altyd by d. dooie vorme van 'n uitwendige Christendom;

– Soek so baie Hom by d. dooie herinnering aan vroeë voorouers of 'n vroeë eie jeug;

– Soek so baie Hom by d. dooie voornemens van 'n deugdelike lewe.

Maar daar is Hy nie – en daar sal u Hom ook nie kry nie! Want Hy is d. lewende Here wat d. ewige lewe wek en bewaar en versterk!

III <u>Die Verklaring van Christus</u>: „Onthou hoe Hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilea was".

Daar by d. graf, daar in die aangesig v.d. dood, daar kom Jesus se woorde terug na hulle as Hy sê: ① Die dood het nie die laaste woord nie! Die dood is nie d. sterkste mag op aarde nie – daar is Een wat d. dood sy mag ontneem het. Jesus is Oorwinnaar oor d. dood! Daar is niemand wat Hom ooit meer kan ombring, kan verdelg nie. Hy is Onoorwinlik, Onsterflik!

② „Julle kan nou glo in elke woord van my Evangelie wat ~~tot~~ julle gekom het. Julle kan glo:

a) Dat die Koninkryk v God op aarde gekom het in al sy heerlikheid en niemand en niks kan dit ooit meer van hd. aarde wegneem nie.

b) Dat al die beloftes van Jesus waar is: As Hy sê: „Salig is die sagmoediges want . ." dan is dit waar; as Hy sê dat niks ons kan skei v.d. liefde v God wat daar in Xt. Jesus is nie, dan is dit waar!

③ Hierdie wêreld waarin ons nou nog vertoef, is nie d. enigste of uiteind. wêreld ~~wat~~ nie. Ons behoort aan 'n ander wêreld, die enige wêreld anderkant d. dood. En in Jesus se opstanding het hd. wêreld onder ons verskyn ~~om~~ nooit meer te verdwyn nie. Nou kan ons sonder vrees d. graf tegemoetgaan – omdat ons graf ook eendag leeg sal wees. Nou kan ons triomferend uitroep:

„Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?"

Amen